



## In hierdie uitgawe:

- ◆ *Die “nogtans” van geloof* p1
- ◆ *Woord deur die voorsitter* p3
- ◆ *Staatskaping, ideologie en grondwet* p4
- ◆ *Die president is die spieëlbeeld van groter sweer in SA* p5
- ◆ *Strategiese ontleding - Verslag uit Malmesbury* p7
- ◆ *Ontmoeting met DA leier* p9
- ◆ *Die eise rondom gratis hoër onderwys* p10
- ◆ *Die moderne Afrikaner* p12

## Die “nogtans” van geloof

Deur Ds Dirk Wijnbeek, (Emeritus) Gereformeerde Kerk, Swartruggens

Teks: Genesis 26:28-29 Dit is so: jy word deur die Here geseën

Die wonderlike “nogtans” van die geloof! “... nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder.” Nogtans, ons kan ook sê: ten spyte van of ondanks alles. Al staan die lewe heeltemal op sy kop wanneer God met Babel afreken en daar niks meer oor is om van te lewe nie, nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder. Saam met die baie merkwaardige “nogtans” praat Habakuk ook nog met oorgawe van die *krag* wat die Here vir hom gee om dié uiters moeilike omstandighede te kan hanteer.

Nog so 'n aangrypende voorbeeld van die “nogtans” van die geloof vind ons in Ps. 130. Daar sien ons dieselfde uitreik na God en tot rus kom by God wat ons by Habakuk gesien het. Dit is soos volg in ons Psalmboek berym: “Uit dieptes, *gans verlore*, van redding *ver vandaan*, waar *hoop* se laaste spore in *wanhoop* my vergaan; uit diep van donker nagte *roep* ek: o Here, hoor, en laat my jammerklagte tog opklim in u oor!” Waar Habakuk gesê het: “nogtans sal ek in die Here *jubel*,” is die *verwagting* wat daar in die hart van die digter van Ps. 130 geleef het soos volg berym: “Soos een wat op die mure as wagter uitgestel, gedurigdeur die ure met sy gedagte tel – *só wag my siel, en sterker, gedurig op die Heer*, tot Hy, die *Ligbewater*, die nag in daeraad keer.” Dan eindig dié Psalm met die kragtige oproep in die laaste vers: “*Hoop, Israel, in jou klagte; vertrou, o volk, wat treur; sy guns verduur die nagte, sy heil breek eindelijk deur.*” *Nogtans sal ek in die Here jubel!*

Iemand by wie ons hierdie “nogtans” van die geloof ook kan sien en vir wie dit 'n lewende werklikheid was, is die aartsvader Isak, seun van Abraham. Ons sien dit veral in die stryd wat hy gehad het oor die land, die grondgebied wat God reeds aan sy pa Abraham as permanente besitting toegesê het. Hoewel die Here sy belofte van die grondgebied ook weer aan Isak herhaal en bevestig het, was die *vervulling* van dié belofte van die begin af onder spanning gewees. Net soos by sy pa Abraham het dit vir Isak begin met 'n *droogte* wat hom verplig het om te trek en elders 'n heenkome te vind. Waar Abraham toe destyds heeltemal uitgewyk het na Egipte het die Here nou vir Isak gesê: “Moenie Egipte toe trek nie. Bly waar Ek jou sê: in hierdie land. Bly 'n tyd lank hier, en Ek sal by jou wees en jou voorspoedig maak.”

***Nogtans, ons kan ook sê: ten spyte van of ondanks alles. Al staan die lewe heeltemal op sy kop wanneer God met Babel afreken en daar niks meer oor is om van te lewe nie, nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder.***

(Vervolg op p2)

## Die “nogtans” van geloof (verv)

So het Isak toe in Gerar gaan bly wat op daardie stadium deur die Filistyne bewoon is. Daar het hy egter al gou die *dood* in die gesig gestaar oor die plaaslike mense se onbehoorlike belangstelling in sy vrou Rebekka! Dieselfde krisis het sy pa Abraham destyds ook ervaar toe hy vanweë die droogte uitgewyk het na Egipte. Dié bedreiging dat die plaaslike mense so belanggestel het in Rebekka het toe uiteindelik goed afge-loop vir Isak en sy vrou, maar kan u dink hoe moeilik dié dinge vir hulle moes gewees het! En om dan nié daarvoor weg te gaan nie maar in die gebied aan te bly en voort te gaan met jou lewe!

**So het die Filistyne dus letterlik uit hulle pad gegaan om dit nie net vir Isak onmoontlik te maak nie, maar om selfs die voetspore wat Abraham in die land nagelaat het, uit te wis, omtrent net soos die vyandige pogings waarmee ons vandag te doen kry om alles wat uit die verlede is, te saboteer en tot niet te maak.**

Sy tweede probleem het gekom juis omdat die Here hom so geseën het soos wat Hy belooft het! Vers 12 sê: “Isak het in daardie gebied gesaai, en daardie jaar het die saad 100-voudig geskiet.” Behalwe dié buitengewone groot oes sê vers 12 verder: “Die Here het hom voorspoedig gemaak, en hy het ’n ryk man geword, hy het vooruitgegaan sodat hy later baie ryk was. Hy het troppe kleinvee en grootvee gehad en baie slawe.” Dit het volgens vers 15 eerstens gemaak dat die Filistyne toe uit *afguns* al die putte wat die slawe van sy pa Abraham nog in dié se tyd gegrawe het, toegegooi en opgevul het. Tweedens het hulle hom toe ook nog gevra om daar pad te gee. So is hy al meer as ’n ongewensde vreemdeling *uitgeskuif* sonder dat hy van sy kant vir moeilikheid gesoek het!

Ons weet hoe belangrik *water* is en veral *waterputte* in ’n omgewing waar daar nie standhoudende riviere is nie. As jy *daarin* beperk en teengewerk word, is dit weer eens *doodsake!* Dis nie dat

die mense van Gerar toe self die water verder gebruik en vir hulleself opgeëis het nie, maar net blatante *sabotasje*: gooi die waterputte toe sodat *Isak* dit nie kan gebruik nie! En dis ’n domastrante sabotasje wat nie net gekom het omdat *Isak* so geseënd was en vooruitgeboer het nie maar waarmee daar al begin *is na die dood van Abraham!* Vers 18 sê dat Isak toe die putte oopgegrawe het wat in sy pa Abraham se tyd gegrawe is en *wat na Abraham se dood deur die Filistyne toegegooi is*. So het die Filistyne dus letterlik uit hulle pad gegaan om dit nie net vir Isak onmoontlik te maak nie, maar om selfs die voetspore wat Abraham in die land nagelaat het, uit te wis, omtrent net soos die vyandige pogings waarmee ons vandag te doen kry om alles wat uit die verlede is, te saboteer en tot niet te maak.

Hierop het Isak toe geantwoord deur die waterputte weer oop te grawe wat in sy pa Abraham se tyd gegrawe is en wat die Filistyne na Abraham se dood toegegooi het. Natuurlik moes hy dit doen om te kan oorleef, maar let ook hierop: Isak het toe ook weer die *name* wat sy pa aan die putte gegee het, weer aan hulle gegee! Daarmee het hy ook op ’n praktiese manier te kenne gegee dat die nalatenskap van Abraham, sy sigbare voetspore in die land wat God aan hom en sy nageslag belooft het, nie sommer net so uitgevee sal word nie!

Behalwe die oopgrawe van die *ou* waterputte het hy ook nog *nuwe* putte gegrawe waarvoor hy toe ook moeilikheid gekry het! Ja, was dit nie ’n opdraande stryd wat hy moes voer nie! Vers 19 sê dat Isak se slawe weer ’n *nuwe* put gegrawe het en toe ook sterk water gekry het en dat die skaapwagters van Gerar toe met die skaapwagters van Isak gestry en gesê het: “Die water behoort aan ons.” Dan maar weer ’n *ander* put grawe, want water moet ’n mens hê anders gaan jy dood en is alles wat jy opgebou het en waarmee jy geseën is, tot niet. Net om weer *daaroor* ook moeilikheid te kry, lees ons in vers 21!

Ons het nou al telkens gelees van die *waterputte* wat Abraham in sy tyd gegrawe het. Die enigste *vaste eiendom* wat hy gehad het, was net die stuk grond van Magpela wat hy as begraaftplek vir sy vrou gekoop het en ook daarop aangedring het om te koop sodat hy dit as wettige eiendom kon hê. Hiervan lees ons in Heb. 11: “Omdat hy, Abraham, geglo het, het hy in die beloofde land gaan woon, ’n *vreemdeling* in ’n vreemde land. In tente het hy daar gewoon, en so ook Isak en Jakob wat saam met hom erfgename van dieselfde belofte was, *want hy het uitgesien na die stad wat vaste fundamente het en waarvan God self die ontwerper en bouer is.*” Dus al die moeite met die waterputte terwyl hy eintlik ’n *vreemdeling* in die beloofde land was!

Nou, met Isak, word daar ook ’n *ander* kant van dié vreemdelingskap duidelik! As ons kyk hoe die waterputte na Abraham se dood nie deur die plaaslike mense *gebruik* is nie maar juis *toegegooi* is, en die langdurige stryd wat Isak weer met die waterputte gehad het, is die boodskap duidelik: waar God met sy belofte aan Abraham en die pad wat Hy met hom in Kanaän geloop het duidelik ’n *kleim in Kanaän* afgepen het, sê die inwoners van Kanaän met volharding: “Ons soek dit nie hier nie!” Dus: waar Abraham in die geloof gesê het

(Vervolg op p3)

## Die “nogtans” van geloof (verv)

dat hy in die land van belofte 'n *vreemdeling* is en dat sy burgerskap elders is, in die hemel, kom die anderkant van die munt nou ook duidelik uit, en dit is dat die *wêreld* die kinders van God nie hier wil hê nie. Só gaan dit met die nuwe begin wat God gemaak het toe Hy vir Abraham geroep het. En so gaan dit nog tot vandag met die saak van die Here en met die kinders van die Here!

Nou 'n praktiese vraag: hoe hou 'n mens in so 'n moeilike lewe kop? Ons lees nie hoe lank die gesukkel met die water aangehou het nie, maar menslik gesproke was dit genoeg om 'n mens moedeloos te maak en te laat handdoek ingooi. **Wat is die boodskap wat ons die land wil instuur: is dit wat ons met ons kundigheid en harde werk tot stand bring en tot stand gebring het, of is dit wat ons deur die genade van die Here gedoen het?** As daar vir *jou* nie 'n plek in die son is nie en vir jou voorgeslag eintlik ook nie! En eers die *droogte* en toe die gesukkel met die *waterputte*! Die volgende vraag is egter nog moeiliker: waarom lees ons na die soveelste watertwis in vers 22 dat daar toe skielik oor die nuwe put wat Isak gegrawe het *nié* getwis is nie? Isak het dié onverwagse kentering ook raakgesien en daarvan gesê: “Nou het die Here vir ons ruimte gemaak en in dié land sal ons spoedig wees.” Dat dié skielike verandering inderdaad van die Here gekom het, word bevestig deur die verskyning van die Here aan hom.

Laastens hoor ons dit ook weer baie duidelik by die hoë besoekers wat na Isak gekom het en vir hom gesê het: “Ons het baie duidelik gesien die Here is by jou”, en weer: “Dit is so: jy word deur die Here geseën.” Is die volharding wat ons by Isak gesien het nie presies daardie “nogtans” van die geloof waarvan Habakuk ook gepraat het en die *krag* wat die Here hom gegee het nie? “Ons het baie duidelik gesien ...” *Wat* het hulle gesien? Die volgende vraag is: *Hoe* het hulle dit gesien? Dis nie dat hulle in die eerste plek gesien het wat Isak gedoen het nie maar wel dat hulle die *krag en die genade* gesien het waardeur Isak gedoen het!

Dit bring ons ten slotte by dié gewetensvraag: wat is die boodskap wat ons die land wil instuur: is dit wat *ons* met ons kundigheid en harde werk tot stand bring en tot stand gebring het, of is dit wat *ons deur die genade van die Here* gedoen het? Daarmee saam gaan natuurlik ook die vraag of ons nog beseft dat ons hier op aarde in die woorde van Petrus vreemdelinge en bywoners is? Wat glo ons van die krag wat God gee soos wat Habakuk dit bely het en dit ook só duidelik in die lewe van Isak sigbaar geword het dat die Filistyne van Gerar dit kon opmerk? Die “nogtans” van die geloof! ❖

---

## Woord deur die Voorsitter

**Jaco Schoeman, Voorsitter van die Nasionale Raad**

Dit is weer daardie tyd van die jaar wat daar soveel te doen is maar die tyd so min is. Die fladderende blaai van reeds skeefgetrekte dagboeke of die huppelende vingers oor elektriese dagboeke het sinoniem geraak by enige Afrikanerbond vergadering wanneer 'n datum vir 'n volgende vergadering, gesprek of afsluitingsfunksie bepaal moet word. Daar is dikwels net nie meer 'n datum beskikbaar nie. Die jaar is op sy rug.

As dit 'n gejaag na wind was, sou dit 'n vars briesie wees en nie die dorre wind wat ongenaakbaar oor die laaste paar maande gewaai het en dikwels die mooi beloftes van reën in die binneland verdryf het nie. Daar is egter 'n tyd vir alles en die mooi reën vir die binneland is op pad.

Sommige gesprekke met vriende of lede van die Afrikanerbond het deesdae 'n sweempie van hartseer. Daar is bykans in elke familie of vriendekring 'n vriend of familielid wat emigreer. Ongemerkt het daar weer 'n nuwe stroom ontspring wat van ons beste bates dreineer en dwing om sy permanente spoor van erosie agter te laat.

(Uit die pen van 'n goeie vriend van my uit Kirkwood – Stef Delport)

### **Die Groot Trek**

Die sweep het hard geklap  
en die nuwe wakies weer gepak  
met 'n leeftyd se herinneringe...;  
en koppies en klere en ander dinge.  
In ou koerante toegedraai  
treurig op die ossewaens gelaai.

(Vervolg op p4)

## Woord deur die Voorsitter (verv)

Afskeid geneem van 'n kale werf;  
gegroet die vadere se verlore erf...

Verby die swartgebrande oosgrens-murasies  
van verlore ambisies en verlate stasies.  
Klim in die wa en sit die osse in rat;  
weg op die ewig noordwaartse pad.  
Ingepak in 'n groot wit stralerwolk  
die wêreldwye web in, die room van ons volk

Die emigrasiestroom, volgens Leopoldt Scholtz in sy boek Kruispaaie, is nie net na die buiteland nie maar andere emigreer na binne, party na agter hoë mure, waar materialisme en persoonlike besittings die belangrikste word en daar niks oorbly van 'n vrye en spontane kulturele meeleving soos net plesierige Afrikaners dit kan doen nie. Ons word gedreineer van vele vreugdes en plesier.

Dit is weer nodig vir 'n Groot Trek deur die kloue van politieke onsekerheid en oor die kranse van rewolusie, neo-rassisme en ideologiese stofwolke na die groen velde van produktiwiteit, arbeidsgenot en veiligheid waar alle Suid-Afrikaners kan lewe en werk en die Here dank en eer daarvoor. Die beste voertuig vir die huidige terrein is dialoog en gesprek.

'n Kenmerk van die aktiwiteite van lede van die Nasionale Raad van die Afrikanerbond hierdie jaar, was reeds die talle gesprekke wat plaasgevind het en waar voorwaar, vreemde, gevaarlike en onbekende kloue en kranse bestyg is en geen onheil gevrees is nie. Die Afrikanerbond kan weer terugkyk na 'n jaar waar daar baie meer brûe gebou is as wat duistere magte kon afbreek. Die voertuig wat gebruik is was nie van hout, seilkappe of yster nie, is nie getrek deur stowwerige osse nie, dit was so ontwerp dat dit getrek is deur geloof en voorbidding van lede van hierdie organisasie. Alles wat ons gedoen het, is gebaseer op nuwe denke en is gerig op die hoë morele weg as die mees getroue GPS stelsel.

Enkele dae gelede oor 'n middagete in die pragtige Constantia, en enkele kilometers weg van die skokgrante en brandende voertuie by die parlement dieselfde dag, is gesprek gevoer met RW Johnson. Die gesprek wat baie wye draaie geloop het waarin Suid-Afrika oor die laaste paar dekades herleef is, vanuit verskillende agtergronde en belewenisse maar terselfdertyd en tog verbasend is dieselfde emosies en meeleving ervaar. Wat egter meer treffend was uit die gesprek, is die absolute eensgesindheid oor die pad vir die toekoms. Dit was aangrypend om te verneem en te beleef wat die hunkering is na gesprek uit verskeie kampe en wense vir konstruktiewe dialoog. Suid-Afrika se staatkundige verlede is deurspek met gesprekke wat verandering teweeg gebring het. Mag die volgende aanhaling ons nie inhaal nie. *Those who don't study history are doomed to repeat it. Yet those who do study history are doomed to stand by helplessly while everyone else repeats it* Die dialoogwa, mag nooit weer uitgespan word nie, al lyk die terrein onbegaanbaar, maar omdat dit ook gevaarlik is, mag die regte wapens nooit by die laer gelos word nie. ❖

---

## Staatskaping, ideologie, grondwet

Jaco Schoeman, Voorsitter van die Nasionale Raad

Die Afrikanerbond word gerig deur ons Credo wat onder andere lui: *Dat ons die aard en wese van 'n ware demokratiese staatsbestel beskerm en bevorder en enige ondemokratiese aspekte en neigings met mening bestry; en sal ons alles in ons vermoë doen om geregtigheid, billikheid en die hoogste etiese en morele waardes in Suid-Afrika te bevorder.*"

Nadat die veelbesproke staatskappingsverslag uiteindelik openbaar gemaak is, is dit duidelik dat eie en persoonlike belang bo die nasionale belang gestel is. Dit sal enorme gevolge inhou en die politieke boot gaan nog verder geskommel word. Ons is midde in die stormwaters en ons sal in die tussentyd maar moet vashou want die politieke woelinge wat in die laaste paar jaar plaasgevind het, het almal ingesui. Ons het die stelselmatige erodering van die grondwet, sy waardes en bepalings beleef. Ons sou gehoop het dat met die grondwet as basis en die Nasionale Ontwikkelingsplan as strategiese ekonomiese raamwerk, daar daad-  
(Vervolg op p5)



## **Staatskaping, ideologie, grondwet (verv)**

werklik tussen die regering, die private sektor en die burgerlike samelewing suksesvol gebou sou kon word aan Suid-Afrika. Hierdie vennootskappe sou verteenwoordigend kon wees van die gebalanseerde middel-

**Dit wil egter al hoe meer lyk of staatskaping eerste gestel is, daarna ideologie en daarna eers die grondwet.**

grond waarop die regering, in samewerking met ander rolspelers in die ekonomie en die samelewing, die volle potensiaal van Suid-Afrika in die beste belang van sy bevolking verder kan ontsluit. Dit het egter nooit gerealiseer nie en word dit al meer duidelik dat sommige politici slegs hulself bevoordeel het. Hiervoor is die staat, en al sy instellings mildelik gebruik, nie net vir eie bevoordeling nie, maar is ook ingespan in die interne politieke gevegte teen mekaar.

Dit bly nog steeds ons siening dat die Suid-Afrikaanse grondwet nie ondergeskik kan wees aan 'n ideologie nie. Dit wil egter al hoe meer lyk dat staatskaping eerste gestel is, daarna ideologie en daarna eers die grondwet. Hoe rampspoedig die bevordering van die eiebelang sal wees sal nog met tyd uitkristaliseer. Die bevordering van die eiebelang is 'n resep vir konflik en rampspoedig vir die heil van Suid-Afrika en al sy mense.

Ons moet weer terug na die grondwet as basis en vertrekpunt. Daar is 'n nuwe moraliteit nodig. Mnr Zuma se optrede en verleenthede raak nou te veel. Hy het nou bo alle twyfel gewys dat hy nie vermoë of die wil het om as staatsman op te tree nie, maar veel eerder alles moontlik sal doen ter beskerming van sy eie belang binne sy party. Die streep is al lankal getrek deur grondwetlike beginsels en is die ampseed wat hy afgelê het met sy inhuldiging as president nie die papier werd waarop dit geskryf is nie. Ondermeer het hy onderneem, dat hy: "sal bevorder wat tot die voordeel van die Republiek is en sal afweer wat die, Republiek kan skaad; die regte van alle Suid-Afrikaners sal beskerm en bevorder; en aan almal reg sal laat geskied;" Mnr Zuma het na ons mening nou die punt bereik waar sy voortgesette ampsbesetting as president van die RSA nie meer in belang is van die land, sy mense of ons grondwetlike demokrasie nie. ❖

---

## **Die president is die spieëlbeeld van 'n groter sweer in SA**

**Jan Bosman, Hoofsekretaris van die Afrikanerbond**

Kommentators, redakteurs, nie-regeringsorganisasies en opposisiepartye val oor hulle voete om president Zuma se ontleed, te kritiseer en kom dan tot die gevolgtrekking dat hy nie goed is vir die land nie. Heelwat menings is al uitgespreek dat die president die land ten beste sal dien as hy maar net sy goed pak en loop.

Is mnr Zuma se vertrek werklik so eenvoudig dat dit gesien word as die oplossing vir al Suid-Afrika se probleme? Die antwoord is ongelukkig - nee. Mnr Zuma se vertrek sal maar net 'n korttermyn kollektiewe slaak van verligting bring maar aan die groter prentjie gaan niks verander nie.

**Mnr Zuma is die resultaat en slagoffer en uiteindelik die spieëlbeeld van beleidsraamwerke wat oor 22-jaar op Suid-Afrika afforseer is.**

Mnr Zuma is die resultaat en slagoffer en uiteindelik die spieëlbeeld van die ANC se beleidsraamwerke wat oor 22-jaar op Suid-Afrika afforseer is. Na 1994 het ons almal met wisselende mate van entoesiasme die Mandela-fase tegemoetgegaan. In die tydperk was daar wedersydse vertroue, daar was respek vir mekaar se standpunte en bowenal was daar 'n wil om mekaar tegemoet te kom en mekaar te probeer vind tussen die probleme en uitdagings van die tyd. Daar was 'n werklike wil en deursettingsvermoë om Suid-Afrika as suksesvol tot voordeel van almal te laat funksioneer.

Die Mbeki tydperk het aanvanklik positief begin, maar die skeiding het begin met die harde beleidselemente rondom regstellende aksie en swart ekonomiese bemagtiging. Mnr Mbeki het self begin om die twee wêreldes swart en arm teenoor ryk en wit en "colonialists of a special type" te begin toepas. Die Nasionale Demokratiese Revolusie se geluide begin al hoe meer gehoor word en is dit veral die SAKP wat dit bevorder.

Die Zuma tydperk kan gesien word as die kulminasie van die botsende belange en ideologieë van voorafgaande tydperke. Die politieke arena is gevul deur die ANC/Cosatu/SAKP alliansievennote se soms skril en teenstellende boodskappe wat 'n uiters onsekere omgewing en veral ook onsekere investeringsomgewing geskep het. Werkers is teenoor besighede en eienaars opgestel, onsekerheid is geskep oor grondbesit, eiendomsreg, onderwys, Afrikaans en vele meer probleme by tersiêre instellings. Dit het 'n tydperk van groot on-

*(Vervolg op p6)*

## 'n Groter sweer in SA (verv)

sekerheid en teenstrydigheid begin inlui. Tussenin moes met groot politieke korrektheid gehoor gegee word aan die retoriek van regstellende aksie, swart ekonomiese bemagtiging, kwotas, die Afrika-Renaissance, transformasie en dan moes nasiebou ook bevorder word. Die ironie is egter dat nasiebou gedoen moes word met voorafgaande terme wat die agenda moes bepaal. Absoluut 'n saak van onmoontlikheid. Sonder om vooraf te bepaal wat die uitkoms moes wees van transformasie of enige ander mooiklinkende ideologie het wit, bruin en swart met groot entoesiasme deelgeneem daaraan.

***Ervaring, kundigheid en meriete is opsy geskuif. Swart ekonomiese bemagtiging, nepotisme en transformasie ten alle koste het die ruimtes geskep vir ongekende vlakke van korrupsie.***

Sonder slag of stoot het die oordrewe deelname aan die uitvoering van die regering se onpraktiese onwerkbare en onbekostigbare beleidsraamwerke die ruimte geskep waarbinne kundigheid vervang is met politieke lojaliste en het kaderontplooiing beslag gekry. Ervaring, kundigheid en meriete is opsy geskuif. Swart ekonomiese bemagtiging, nepotisme en transformasie ten alle koste het die ruimtes geskep vir ongekende vlakke van korrupsie. Staatskaping is die nuutste uitvloeisel en die tentakels strek wyd.

Die staat wat die Nasionale Ontwikkelingsplan tot uitvoering moes bring het nou die persoonlike ATM geword vir politici en staatsamptenare om rojaal te skep uit die staatsfiskus, want tenders en diensverskaffers kon gemanipuleer word. Staatskaping het eers in die volkshuishouding se algemene woordeskat beland toe die Guptas se vergrype die norm begin oorskry het. Inderwaarheid is staatskaping al vir baie jare aan die gang in die meeste provinsies en ook die meeste munisipaliteite. Die kan wurms begin nou maar eers sy ware kleure wys nadat daar nuwe munisipale regerings in plek gestel is.

Mnr Zuma het dus maar net die openbare beeld geword van alles wat reeds fout gegaan het in Suid-Afrika. Om mnr Zuma alleen te vervang is nie die oplossing nie. Dit is 'n dieperliggende probleem. Die "transformasie" van die staatsdiens het enige hoop om die staatsdiens om te keer feitelik onmoontlik gemaak. RW Johnson se waarneming in sy boek "How long will South Africa Survive – the looming crisis" is dat transformasie in die staatsdiens die eens effektiewe diens "nie net gestroop het van bekwame personeel nie maar ook van die institusionele geheue." Die gevolge hiervan volgens Johnson is dat "kolossale uitgawes aangegaan word op buite konsultante wat die werk van staatsamptenare moet doen, maar in die tweede plek word daar van die privaatsektor verwag om die staat se werk te doen."

By 'n herdenkingsgeleentheid van Oliver Tambo wat 99 jaar oud sou wees op Donderdag 27 Oktober 2016, herhaal mnr Zuma die standpunt dat die ANC heel eerste gestel moet word. Hy verwys na OR Tambo se lojaliteit aan die ANC en op grond daarvan verklaar mnr Zuma opnuut sy lojaliteit aan die ANC eerste. Die grootste verskil is egter dat mnr Tambo nooit president van Suid-Afrika was nie. Mnr Zuma is wel, hy het trouens 'n ampseed afgelê om trou aan die Republiek van Suid-Afrika te wees, maar in sy en sy voorgangers se oë bly die ANC eerste. Johnson se waarneming oor die misplaaste lojaliteit is gevolglik: "Hoofsaaklik is die fokus van beide presidente en ministers rondom die lewe van die ANC, sy herdenkings, sy reëls en dissipline, sy nasionale en streekskonferensies, sy buie en sy faksies."

Die gevolg hiervan is dat dislojaliteit aan die ANC die swaars moontlike straf vereis, maar enige aksie, krimineel of andersins in die regering of staatsdiens word met stilte begroet.

Tot tyd en wyl die ANC of enige ander party nie beseft dat landsbelange die swaarste weeg nie, vir solank gaan Suid-Afrika steier van die een krisis en verleentheid na die ander. Mnr Zuma is maar net die spieëlbeeld van die groot sweer in ons samelewing. Dit is die ANC wat hom aan Suid-Afrika opgedwing het, dit is die ANC wat hom steeds staande hou en dit is gevolglik die ANC wat die kollektiewe verantwoordelikheid moet neem vir die krisis in die land.

***“Hoofsaaklik is die fokus van beide presidente en ministers rondom die lewe van die ANC, sy herdenkings, sy reëls en dissipline, sy nasionale en streekskonferensies, sy buie en sy faksies.”***

Dit is baie jammer dat onnodige staatshulprone ingespan is in die stryd om persoonlike en eiebelang en posisies te beskerm. Die oproep deur politieke partye dat die president en ministers in persoonlike hoedanigheid aanspreeklik gehou moet word vir regs-kostes, moet gevolglik ondersteun word. Persoonlike aanspreeklikheid moet die norm word, alles anders word onder die mat ingevee. ❖

## 'n Strategiese ontleding - Indaba-ete in Malmesbury

Prof. André Duvenhage, politieke wetenskaplike van NWU, het op 12 Oktober 2016 'n sobere ontleding en baie stof tot nadenke gegee tydens Swartland se Indaba-ete in Malmesbury. Die geleentheid is in die Wes-kuspers geadverteer en is baie goed bygewoon deur AB-lede met gades en gaste van oor die Wes-Kaap en het o.a. die burgemeester van Malmesbury, lede van die Sakekamer, voormalige lede van die AB en 'n aantal jongmense ingesluit. Die vrae en intense bespreking het getuig van die belangstelling en erns van die gehoor in die inligting, tot die mate dat die burgemeester en 'n paar deelnemers agterna 'n kopie daarvan versoek het.

Prof. Duvenhage het die politieke toneel tans in SA beskryf as "onstuimig, volatiel en onderhewig aan destabiliserende magte - selfs van binne die regerende party.

2014-2019 belooft om 'n periode van ingrypende politieke, maar veral sosiale en ekonomiese verandering te impliseer. Selfs verandering op die staatkundige vlak kan nie uitgesluit word nie."

Soos RW Johnson dit stel: *"Somewhere out ahead of us lies a regime change towards a form of governance which is closer to South Africa's underlying social realities."*

Dit word gesien in die institusionele verval (plaaslike regering, semi-staatsinstellings); ekonomiese en finansiële uitdagings; 'n rekonfigurering van die politieke spektrum; hoë vlakke van politieke mobilisasie; xenofobie en vigilantisme; die "tweede fase" van transformasie; een party dominansie; arbeidsonstabiliteit en die NUMSA-moment; post-koloniale dinamika en studente-onluste.



Prof. André Duvenhage, Andries Domburg (NR), Charl Palm (WK-Prov voorsitter), Siebert Coetzee (Afd Swartland voorsitter), Rienzi Duvenage (Swartland bestuur)

Wat in SA gebeur vind nie in isolasie plaas nie. Dit geskied binne die kontemporêre tydsgeslag waar sosio-politieke tektoniese plate aan die verskuif is en dit word gekenmerk deur die "Stryd van die ordes". (Stoker). D.i. verskuivende politieke magsbasisse; oorlog en politieke terreur; die inligting- en tegnologiese rewolusie; "the clash of civilizations"; demografiese en omgewingsverandering en die krisis van die nasiestaat. SP Huntington vat dit saam as: "Culture is to die for."

Die wêreldorde vind neerslag in die SA politiek en samelewing, wat op sy beurt weer neerslag vind in die SA samelewingsinstellings, wat neerslag vind in universiteite...

Moontlike uitkomstes van hierdie dinamika is:

- Magsverskuiwings wat gevolg word deur waardeveranderinge.
- Die herdefiniëring van bestaande waardes, norme en spelreëls (soos en waar van toepassing).
- 'n Nuwe konsensus en balans van kragte d.w.s. 'n nuwe ewililibrium as grondslag vir orde, struktuur en stabiliteit.

In die veranderende tydsgeslag moet universiteite (soos ander samelewingsinstellings) 'n nuwe orde en struktuur vestig as 'n ewililibrium uitkoms van 'n balans van kragte. Tans geld dit ook ander instellings waaronder die staat, korporatiewe wêreld, kerke en Afrikanerinstellings.

Destabiliserende magte in SA kan in hoofsaak binne vier sektore van die volkshuishouding ontleed word.

### i. ANC politiek

Die disintegrasie van die "Breë Kerk", die Party vs. Bevrydingsbeweging, steunverliese, ideologiese onsekerheid, faksiegevegte en leierskapkonflikte.

### ii. Politieke ekonomie

Dit is verwagtinge vs ekonomiese onderprestasie, beleidsonsekerheid en konflik, landbou (droogte) en Staatsfinansies (oorbesteding en swak bestuur).

(Vervolg op p8)

# 'n Strategiese ontleding - Indaba-ete in Malmesbury (Verv)

## iii. Staatkundige konteks

Dit word gekenmerk deur Staatsverswakking, politieke en institusionele verval, plaaslike regering en verkiesingsuitdagings en afhanklikheid van toelaes.

## iv. Sosiale dinamika

Faktore soos 'n gewelddadige oorgangsamelewing, demografiese veranderlikes, diep verdeeldheid en gebrek aan sosiale kohesie, die ontwikkelingsaard van die bevolking en afhanklikheid van die Staat.

**Destabiliserende magte in SA word onder andere gekenmerk deur Staatsverswakking, politieke en institusionele verval, plaaslike regering en verkiesingsuitdagings en afhanklikheid van toelaes.**

'n Nuwe ewilibrum binne die balans van hierdie magte sal vir SA uitval tussen "demokratiese konsolidasie" op die een eindpunt en "mislukte staat" op die ander eindpunt.

## **DIE JZ-DINAMIKA**

Prof. Duvenhage kom tot die gevolgtrekking dat Jacob Zuma en die ANC hul in 'n uiters negatiewe omgewing bevind.

Die Party verloor steun (in stedelike omgewings); daar is skandale (Nkandla, spioenasiebande, Gupthagate, ens), dis-

funksionaliteit en "dirty tricks" en Staatsinstellings word ondermyn vir die behoud van politieke mag (Parlement; Openbare Beskermer). 'n Militêre "struggle" kultuur heers in die Party en daar is groeiende weerstand teen Jacob Zuma.

'n Opvolgstryd is in volle gang.

In die Zulu(Zuma)-kamp is Nkosazana Dlamini-Zuma, Baleka Mbete, Ace Magashule en Supra Mahumapelo en hulle word gesteun deur die NUK, Premiersliga, MK-veterane, Vroueliga en die Jeugliga.

In die anti-Zumagroep is Gwede Mantashe, Cyril Ramaphosa, Kgalema Motlanthe, die Mbeki-groep en Zwele Mkize en hulle word gesteun deur afvallige provinsies, SAKP, Cosato, verlore seuns en dogters, swart middelklas, SARK, EFF en opposisiepartye.

Boonop is daar ernstige probleme en vrae waarmee die Party sit.

- Is daar 'n "exit-strategy" vir Jacob Zuma? Hy is 'n sekurokraat en bittereinder.
- Die konflik in die ANC word tans op die spits gedryf. Sal dit lei tot 'n vervroegde Nasionale Konferensie en moontlike "herontplooiing" of vervanging van Jacob Zuma?
- Jacob Zuma en andere veg om politieke oorlewing. Dit is ongetwyfeld die grootste geveg in die geskiedenis van die ANC (in regering)?
- Pravin Gordhan is in die sentrum van die konflik waar die stryd woed oor beheer van (en toegang tot) die finansiële bronne van die Staat.

## **UNIVERSITEITE**

Die strydende magte oor die siel en beheer van universiteite in SA vind plaas binne 'n veranderende wêreld konteks. Nuwe magsbasisse definieer andersoortige waardesisteme wat meer anti-Westers is en gedryf word deur moderne kennissisteme sonder Westerse waardegrondslag.

Binne die Suid-Afrikaanse politieke konteks ontvou 'n proses van dinamiese soeke na 'n nuwe ewilibrum terwyl universiteite in 'n stryd is vir finansiële oorlewing en soeke na 'n nuwe identiteit.

Die #FeesMustFall-beweging is deur magte geïnfiltreer wat dit 'n "Praetoriaanse" aansyn gee en 'n magspel word teen die konvensionele universiteitswese gespeel om 'n post-koloniale universiteitswese te vestig.

## Konvensionele universiteit

Hierdie universiteitsmodel is finansiële volhoubaar (hoë klasgelde en besigheidsoriëntasie), selfstandig en outonoom, gekenmerk deur gehalte onderrig en navorsing, het 'n toepaslike samelewingsdiensgerigtheid en is internasionaal kompetend.

**Staatsinstellings word ondermyn vir die behoud van politieke mag (Parlement; Openbare Beskermer). 'n Militêre "struggle" kultuur heers in die Party en daar is groeiende weerstand.**

(Vervolg op p9)



# 'n Strategiese ontleding - Indaba-ete in Malmesbury (Verv)

## Post-koloniale universiteit

Die universiteitsvorm is afhanklik van staatsfinansies, "Open access", is 'n verlengstuk van die "Staat en re-gime", bied lae gehalte onderrig en doen beperkte navorsing, is politieke agente vir sosiale en ekonomiese bevryding en is gerig op Afrikanisering en gedekoloniseerde leerplanne.

## Praetoriaanse magte

**Die #FeesMustFall-beweging is deur magte geïnfiltreer wat dit 'n "Praetoriaanse" aansyn gee en 'n magspel word teen die konvensionele universiteitswese gespeel om 'n post-koloniale uni-versiteitswese te vestig.**

"Praetoriaans" verwys na die Praetor, juridiese hoof van Rome vir 'n periode vanaf ongeveer 200vC. In die volksmond word dit gebruik in die konteks van burokrasie met ambisieuse, korrupte, omkoopbare en kruiperige amptenare wat mense uitbuit.

Die Praetoriaanse magte sien 'n universiteit as verlengstuk van die Praetoriaanse samelewingstoestande wat hulle ervaar. Vir hulle is universiteitsomgewings die politieke slagveld vir "kulturele selfgelding". Dit is in werklikheid 'n rewolusionêre Afrikaniseringsbeweging vir "sosiale en ekonomiese bevryding".

Dit word gekenmerk deur hoë vlakke van konflik, geweld, rewolusie, intimidasie en konflikterende belangegroepes wat die groter samelewing mobiliseer om konflikterende agendas te bevorder. Akademiese aktiwiteite word hiervoor opgeskort en in die ekstreem word die universiteit self die "akademiese projek".

Vrees vir die simboliek van 'n "tweede Marikana" en gepaardgaande politieke implikasies word gebruik om sterk veiligheidsoptredes in skaakmat te plaas.

## **EVALUERENDE PERSPEKTIEF**

'n Aantal perspektiewe vir die pad vorentoe vloei voort uit hierdie analise.

- ▶ Die Suid-Afrikaanse politiek is in 'n fase van dinamiese ewilbrium en kan uit sy gevestigde trajek gedwing word.
- ▶ Is Suid-Afrika besig om te beweeg in die rigting van 'n opvolgskikking?
- ▶ Die volgende 5 jaar kan politieke wanordelike wees.
- ▶ Die ANC verloor politieke momentum en benodig ideologiese vernuwing.
- ▶ Kan die ANC Jacob Zuma uitbestuur of gaan die party, politieke stelsel en onderliggende waardes die prys hiervoor betaal?
- ▶ Die Konstitusionele Demokrasie word tans getoets.
- ▶ 'n Grondwetlike krisis is nie uitgesluit nie en 'n kritieke fase vir die konsolidasie van die Suid-Afrikaanse demokrasie lê voor die deur.

Die 2019-verkieping is in aantog waarin "die hef-aan van die plaaslike *stryd om die ordes* nog voorlê." Ten spyte van groot uitdagings is dit ook 'n tyd van besondere geleentheid maar "leierskap is besonder belangrik en is tans grootliks afwesig."

## **Afdeling Swartland**



---

## **Ontmoeting met DA leier**

Op Woensdag 26 Oktober 2016 het die voorsitter van die Nasionale Raad van die Afrikanerbond, Jaco Schoeman en die hoofsekretaris, Jan Bosman 'n ontmoeting gehad met Mmusi Maimane leier van die Demokratiese Alliansie by sy kantoor in die Marksgebou by die parlement. Anchen Dreyer, voorsitter van die DA se parlementêre kookus, wat die gesprek moontlik gemaak het, was ook teenwoordig.

Die gesprek is aangevra as deel van die gesprekke wat deurentyd gevoer word met individue en politieke partye om die kwessies en vraagstukke wat, Suid-Afrikaners in die algemeen, en Afrikaners in die besonder raak aan te spreek.

Ons het die gesprek oor die algemeen as uiters positief ervaar. Dit was die eerste amptelike gesprek en het mnr Maimane ook sy bereidheid verklaar om met die Nasionale Raad en strukture van die Afrikanerbond gesprek te voer.

(Vervolg op p 10)

## **Ontmoeting met DA leier (verv)**

'n Aantal kwessies is bespreek nadat mnr Maimane spontaan enkele sake aangespreek het waaroor ons gesprek wou voer. Sy inleidende opmerkings was in Afrikaans en het hy aangedui dat hy besig is om Afrikaans te leer. Trouens hy het later in die gesprek die behoefte uitgespreek dat Suid-Afrikaners spontaan ander tale moet aanleer, want dit is volgens mnr Maimane nodig dat Suid-Afrikaners groter begrip vir mekaar moet kry en dit kan gedoen word deur die gebruik van ander tale. Br Jaco Schoeman het dit daadwerklik onderstreep toe hy in vlot isiXhosa kon reageer.

***Die huidige onrus op kampusse is wel rede tot kommer. Dit verg egter dringende en meer drastiese optrede want dit is duidelik dat hier ander politieke agendas is wat bevorder word. Dit dien nie die studente nie en dit dien ook nie die akademie nie.***

Daar is tydens die gesprek waardering uitgespreek vir die Demokratiese Alliansie se teenwoordigheid met senior leiers saam met ander politieke partye en instellings in die burgerlike samelewing by die Ad Hoc Groep vir die Beskerming van Eiendomsregte en ook die Veiligheid Werkgroep wat onlangs ontmoet het waarvan die Afrikanerbond die sameroeper is en ook die sekretariaat hanteer.

Die huidige onrus op kampusse is wel rede tot kommer. Dit verg egter dringende en meer drastiese optrede want dit is duidelik dat hier ander politieke agendas is wat bevorder word. Dit dien nie die studente nie en dit dien ook nie die akademie nie.

In die kwessie oor verskeidenheid het die groot vraag oor Afrikaans as onderrigtaal na vore getree en was hy baie duidelik daaroor dat Afrikaans wel 'n plek het en dat daar ruimte moet wees vir Afrikaans aan universiteite. Afrikaans het homself al voldoende bewys as wetenskap- en akademiese taal. Waarteen hy wel waarsku is dat mens nie deur taal of kultuur 'n enklave moet vorm nie. Dit bly nog altyd deel van 'n groter geheel en 'n groter verskeidenheid. Hy het weer sy geliefde beeld gebruik dat Suid-Afrika nie 'n sop is waarin almal verdwyn nie, maar 'n vrugteslaai met verskillende identiteite.

Op 'n vraag oor 'n boodskap van hoop het mnr Maimane laat blyk dat heelwat sfere in die burgerlike samelewing, deesdae sterker uitkom en optree. Dit sluit in die regstelsel en die onafhanklike media, maar onlangse verkiesingsuitslae moet ook help dat mense kan weet daar is partypolitieke alternatiewe. Sy groot behoefte is egter dat ons moet wegbeweeg vanaf die ons of julle, ryk of arm, wit of swart want dit is uitsluitend. Die EN benadering is 'n meer inklusiewe opsie en moet deel word van ons alledaagse woordeskat. Ons EN julle kan baie meer vermag en is deel van ons land se leuse Eenheid deur verskeidenheid. Hy is van mening dat hierdie verskeidenheid egter uitgesluit word deur kwotas.

Mnr Maimane is ook gelukkig dat die Demokratiese Alliansie leiding geneem het en deel is van 'n koalisie en samewerkingsooreenkoms. Die hoofsekretaris het genoem dat die aanwending van koalisies in die toekoms die moontlikheid skep om minderhede te akkommodeer en die sake wat minderhede direk raak aan te spreek.

Mnr Maimane het in die gesprek ook sterk klem gelê op sy Christenskap en sy kulturele afkoms. Hy wil graag 'n samelewing sien waarin die ruimtes gebied word vir die uitlewing van elkeen se eie behoeftes.

Hy het ter afsluiting die Afrikanerbond genooi om deur die gevestigde werkswyse en verhoudinge te werk om kwessies op die tafel te plaas. ❖

---

## **Die eise rondom gratis hoër onderwys**

**Deur Jan Bosman Hoofsekretaris van die Afrikanerbond**

In die Afrikanerbond se Onderwys besprekingsdokument wat in 2010 deur prof Jan Nieuwenhuys saamgestel is skryf hy onder meer: "Ons onderwysstelsel faal nie net ons kinders in terme van vakkennis en geletterdheid nie; dit voed nie net die stroom van werklose jeugdiges nie, maar dit faal ook ons land op veral vier gebiede:

*Dit slaag nie daarin om vir ons kinders basiese morele waardes te leer nie*

*Dit slaag nie daarin om vir ons kinders kritiese denkvaardighede te leer nie*

*Dit slaag nie daarin om vir ons kinders 'n ryk burgerlike kultuur aan te leer nie*

*Dit slaag nie daarin om vir ons kinders 'n liefde vir diens en diensbaarheid aan te leer nie*

*(Vervolg op p11)*

# Die eise rondom gratis hoër onderwys (verv)

Anders gestel, die "krisis" is meer as net 'n krisis van swak matriekuitslae, maar inderdaad: 'n Moraliteitskrisis; 'n Onderwysbestuurskrisis; 'n Werkloosheid en armoede krisis; 'n Gebrekkige dienslewering en korrupsie krisis; 'n Ekonomiese krisis; 'n Menslike hulpbronkrisis."

Die studenteopstande van 2015 en wat ons nou weer intens in 2016 beleef is 'n demonstrasie van die bogenoemde krisisse. Die huidige studentepotes wentel rondom die konsep van "Gratis kwaliteit tersiêre onderwys vir almal" Dan word 'n aantal ander vreemde konsepte en eise ook gestel waaronder:

**Hoër onderwys kan nie gratis wees nie. Primêre en sekondêre onderwys is in Suid-Afrika reeds in 'n groot krisis omdat dit in die meeste gevalle gratis is. Waar ouers wel bydra en wel beheer het, is onderwys nog van hoë en uitstaande gehalte.**

- Inkontraktering van werkers
- Dekolonisering van onderwys en onlangs lees ek ook van die eis "Decommodification of Academic Research;"
- Die huidige studentepotes gebruik ook swart nasionalisme om steun te mobiliseer en dit gebeur ten koste van wit studente en wit akademië.

Daarom die volgende persoonlike waarnemings en versoek ons graag kundige insette ten opsigte van die kwessie van gratis tersiêre onderwys:

1) Hoër onderwys kan nie gratis wees nie. Primêre en sekondêre onderwys is in Suid-Afrika reeds in 'n groot krisis omdat dit in die meeste gevalle gratis is. Waar ouers wel bydra

en wel beheer het, is onderwys nog van hoë en uitstaande gehalte

- 2) Kwaliteit word ingeboet omdat dit gratis is. Meeste kundiges/dosente by universiteite sal oornag in die privaatsektor geabsorbeer word of selfs in die buiteland werksaam kan wees.
- 3) Almal kan nie noodwendig aan 'n universiteit studeer nie. Nie almal is universiteit materiaal nie. Suid-Afrika pluk nou die vrugte van instellings soos teknikons en vaardigheidsopleiding instellings wat onder die leiding van prof Kader Asmal toegemaak is. Daar is voortgestoomroller met die sluiting van die instansies te midde van ernsige waarskuwings wat in daardie tyd opgeklank het. "The name technikon is thrown into the rubbish bin of undistinguished apartheid measures," Asmal said. (IOL 22 October 2013)
- 4) Ons matriekuitslae wat kunsmatig aangepas word, het die noodwendige gevolg dat universiteitstoelating ook kunsmatig is. Die hoë uitsaksyfer by universiteite onder eerstejaars is die beste bewys hiervan.

Volgens die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge:

- bestee die staat tans sowat R29 miljard aan subsidies vir universiteite, die besteding aan die nasionale finansiële hulpskema vir studente (NSFAS) uitgesluit.
- Daar is net minder as 'n miljoen studente aan universiteite, teknikons of afstandsonderriginstellings soos Unisa.
- As aanvaar word dat R100 000 per student benodig word vir klasgeld, boeke en verblyf, is R100 miljard nodig om almal te subsidieer.

Bekostigbare universiteitstoelating moet volgens die grondwet bevorder word: Art 29(1) "Elkeen het die reg – (b) op verdere onderwys, wat die staat deur middel van redelike maatreëls in toenemende mate beskikbaar en toeganklik moet maak." Dit verwys hoegenaamd nie dat die reg gratis moet wees nie. Die staat moet dit wel moontlik maak om beurse en / of lenings aan behoeftige studente beskikbaar te stel.

Die Vryheidsmanifes van 1955 wat nie 'n amptelike status het nie maar wel een van die grondslae geskep het vir die onderhandelinge rondom die grondwet word tans baie dikwels verkeerd en buite konteks aangehaal. Let op na wat die Vryheidsmanifes sê met die hoofdoelwit **Die Deure van Geleerdheid en Kultuur sal Oopgemaak word!**

- Die regering sal nasionale talent vir die bevordering van ons kultuurlewe ontdek, ontwikkel en aanmoedig;
- Alle kultuurskatte van die mensdom sal oop wees vir almal, deur die vrye uitruil van boeke, idees en kontak met ander lande;
- Die doel van onderwys sal wees om die jeug te leer om hul mense en hul kultuur lief te hê, om die broederskap van mense, vryheid en vrede te respekteer;
- Onderwys sal gratis, verpligtend, universeel en gelyk vir alle kinders wees; **Hoër opvoeding en tegniese**  
(Vervolg op p12)

**Die staat bestee tans sowat R29 miljard aan subsidies vir universiteite, die besteding aan die nasionale finansiële hulpskema vir studente (NSFAS) uitgesluit.**

## Die eise rondom gratis hoër onderwys (verv)

*opleiding sal toeganklik vir almal gemaak word by wyse van staatstoelae en beurse toegeken op die basis van meriete;*

- *Volwasse ongeletterdheid sal beëindig word deur 'n staats massa-opleidingsplan;*
- *Onderwysers sal dieselfde regte hê as ander burgers;*
- *Die kleurskeidslyn in die kulturele lewe, sport en opvoeding sal afgeskaf word."*

*Is dit nie daarom ironies dat die Vryheidsmanifes wat so heelhartig maar uiters selektief deur die Swartbewussyn groepe aangehaal word, eintlik baie treffend die studente verkeerd bewys nie. In die samelewing wat die studente bepleit is meriete egter nie 'n vereiste nie en dit moet hoegenaamd ook nie verwag word nie.*

***In die samelewing wat die studente bepleit is meriete egter nie 'n vereiste nie en dit moet hoegenaamd ook nie verwag word nie.***

Gratis hoër onderwys se huidige griewe spruit uit verkiesingsbeloftes wat in die verlede gemaak is en daardie beloftes kom nou terug om te byt.

Daar sal kreatief gedink moet word maar binne die huidige inkomstebasis van die staat met 'n kleinerwordende belastingbron kan gratis onderwys op alle vlakke doodeenvoudig nie bereik word nie.

Die(NSFAS) National Student Financial Aid Scheme (NSFAS) wat deur die Departement van Hoër Onderwys bestuur en behartig word is die beste instrument wat tans beskikbaar is.

- *Studente skuld egter reeds 'n astronomiese R6.4-miljard aan NSFAS wat nie terugbetaal word. Die Mail & Guardian berig in Junie 2016 dat een student sowat R217 496 agterstallig is.*
- *Die insamelingsfunksie moet aan 'n instansie soos die Suid-Afrikaanse Inkomstediens oorhandig word. Hulle is beter gerat om nuwe toetreders tot die werksmark se inkomste te kan naspoor en deur vooraf ooreengekome meganismes te laat terugbetaal.*
- *Gegradueerdes betaal in elk geval later lewenslank terug aan die voorreg deur die hoër inkomstebelasting wat hulle betaal omdat hulle beter opgelei is.*
- *Spoor presterende studente aan deurdat lenings aangepas word na beurse volgens meriete.*
- *'n Goed bestuurde beurs en leningsfonds skep 'n stewige beursfonds vir die volgende generasie studente.*

Dit alles gesê moet ons nie buite rekening laat dat die eis rondom gratis tersiêre onderwys in alle waarskynlik maar deel is van 'n ander politieke agenda. In die proses was #Rhodesmustfall #Afrikaansmustfall and ander #Mustfall veldtogte maar net kleiner pionne in 'n groter prentjie. ❖

---

## Die moderne Afrikaner

***Afdeling Da Gama in die Strand het die onderstaande saamgestel as 'n bydrae tot die gesprek oor die moderne Afrikaner.***

Dink ek aan myself as 'n Afrikaner? Is ek trots op my Afrikanerskap? Kan ek aan iemand verduidelik wat Afrikanerkultuur is? Is daar plek vir Afrikaners in die nuwe Suid-Afrika met sy sogenaamde reënboogkultuur? Kan ons 'n bydrae lewer tot die opbou van ons land? Ons soek na 'n definisie van Afrikanerskap sonder die stigmas van die verlede en wat nie vir ander kulture 'n bedreiging hoef te wees nie. Die Kuber Navorsingsinstituut noem 'n aantal kenmerke van moderne Afrikanerskap.

Godsdiens. Al wissel Afrikaners se kerklidmaatskap van gereformeerde tot charismaties tot splintergroepe, aanvaar hulle die Bybel as die Woord van God en poog hulle om Christelike lewenswaardes uit te leef. Vele Afrikaners heg geen waarde aan kerklidmaatskap nie en leef kerklos, maar beskou hulleself steeds as Afrikaners en as gelowiges.

Respek. Goeie burgerskap berus op respek vir ouers, ouer persone, onderwysers, gesagsinstansies en landswette. Afrikaners verwag van persone van ander oortuigings om hulle kultuur te respekteer.

Kuier. "Afrikaners is plesierig, dit kan julle glo. Hulle hulle hou van partytjies . . ." en kunstefeeste, vleisfeeste, buitelewe, geregte soos braaivleis, snoek, potjiekos, biltong en blatjang, familie-kuiers en gemeenskapsgebondenheid.

Afrikaanse musiek. Afrikaanse musiek blom en Afrikaners ondersteun graag Afrikaanse musiek en sangers op kunstefeeste. Afrikaners het 'n breë musieksmaak en hou van klassieke musiek, koorsang en die inheemse musiek van alle kultuurgroepe. Musici uit Afrikanergeleedere geniet wêreldwye aansien en selfs roem.

*(Vervolg op p13)*



## **Die moderne Afrikaner (verv)**

Afrikaanse taal. Afrikaners is lief vir hulle taal en is oortuig dat dit sal voortbestaan en presteer as 'n hoëfunksietaal wat in Suid-Afrika en wêreldwyd gepraat en gelees word en waarin gepubliseer word. Afrikaners bemark Afrikaans aan ander kultuurgroepe in Suid-Afrika en wêreldwyd.

Liefde vir die grond. Afrikaners is bodemgebonde mense. Hulle wil die skeppingsopdrag om die omgewing te bewaar, gehoorsaam. Hulle neem inisiatief om alle landsburgers gelyke toegang tot landbougrond te gee op 'n wyse wat voedselsekerheid sal bevorder.

Gemeenskapsbetrokkenheid. Afrikaners is betrokke by gemeenskapsinstellings soos kerke, skole, erfenisterreine en kultuurorganisasies. Na 1994 is hulle steeds betrokke in die gemeenskap en dien hulle ook die belange van ander kulture.

Roepingsbesef. Afrikaners wil hulle geloofsoortuiging en kultuur in diens van die land en al sy mense uitleef. Sendelinge uit Afrikaanse kerke het kerke oral in Afrika geplant en doen dit steeds. Afrikaner-Christene bid en werk saam met ander gelowiges vir die koms van God se koninkryk wêreldwyd.

Aanpasbaarheid. Afrikaners het 'n pioniersgeen. Oorspronklik was hulle setlaars uit Europa. Trekboere en voortrekkers het 'n ongerepte land getem. Afrikaners het na die Anglo-Boereoorlog die land uit ruïnes herbou. Hulle het 'n deurslaggewende rol gespeel in die onderhandeling vir 'n grondwetlike demokrasie. Tans lewer hulle 'n onmisbare bydrae op vele terreine binnelands en buitelands, dikwels agter die skerms.

Oorspronklikheid en uitnemendheid. 'n Plan is 'n boerdery. Afrikaners is wêreldwyd bekend vir hulle uitvindings en navorsingsprestasies in landbou, geneeskunde, ingenieurswese, inligtingstechnologie, ruimtenavorsing, wapentuig en baie meer.

Koppigheid. Protestante. Nonkonformiste. As hulle nie saam teen 'n vyand veg nie, baklei hulle onder mekaar. Maar vat aan een, dan vat jy aan almal.

"Afrikaners was nooit 'n gewilde en onderdanige minderheidsgroep nie. Hulle het uiteenlopende standpunte en sterk politieke en geloofsoortuigings, maar hul teenwoordigheid en bydraes is onmiskenbaar. Diegene wat dink Afrikaners trek laer, maak 'n fout. Afrikaners is vandag te vind van Kaapstad tot in Kaïro. In elke Afrikaland. Moderne Afrikaners leef met selfvertroue hul kulturele identiteit uit, maar bou ook suksesvolle brûe na ander kultuur- en taalgroepe in verskeie lande.

Terwyl sommige Suid-Afrikaners se wiede vasval in die modder van transformasie en godsdienstige neutraliteit, het Afrikaners lankal die wa deur die drif getrek met ekonomiese prestasies en selfdoen-entrepreneurskap. Afrikaners is betrokke by hulle plaaslike gemeenskap, maar is ook internasionaal mobiel. Afrikaners gee nuwe inhoud aan NP van Wyk Louw se lojale verset wanneer dit wat vir hulle kosbaar is bedreig word" (Langner), maar vat ook in landsbelang hande met andersdenkendes.

Dink ek aan myself as 'n Afrikaner? Dit is nou tyd dat ek 'n besluit neem oor my kulturele identiteit, dit uitleef en aan die volgende geslag oordra. Is ek trots op my Afrikanerskap? Hoe meer ek weet van Afrikaners se geskiedenis, taalstryd, letterkunde, kuns en prestasies, hoe meer rede sal ek hê om op my Afrikanerskap trots te wees.

Kan ek aan iemand verduidelik wat Afrikanerkultuur is? Mag hierdie beskeie dokument 'n prikkel wees tot verdere leeswerk.

Is daar plek vir Afrikaners in die nuwe Suid-Afrika met sy sogenaamde reënboogkultuur? Afrikaners is toegerus en aktief besig om 'n betekenisvolle bydrae tot ons land se heropbou en toekoms te lewer.

(Bron: Dinamiese Afrikanerskap deur Dr Danie Langner, soos verwerk deur Afdeling 791 Da Gama, Strand)  
**Lede en afdelings word aangemoedig om die inset deur Da Gama Afdeling te bespreek en verdere kommentaar te stuur na ons by e-pos adres [kommentaar@abond.co.za](mailto:kommentaar@abond.co.za)** ❖

## MS Outlook kalender vir 2017

Ons ontvang jaarliks heelwat navrae vir die Afrikaanse nutsprogram van die MS Outlook kalender in Afrikaans. Die kalender vir 2017 is nou onmiddellik beskikbaar.

Die program is opgestel vir algemene gebruik en is nie 'n aanwending wat e-pos adresse of ander inligting kollekteer nie. Die volgende dae is in die MS Outlook kalender opgeneem: Christelike dae, openbare vakansiedae, dae van herdenking en skoolkwartale en vakansies (binnelandse en kus-skole)

Dit is alles in Afrikaans beskikbaar vir gebruik in MS Outlook.

Die nutsprogram is beskikbaar op die Afrikanerbond se webwerf [www.afrikanerbond.co.za](http://www.afrikanerbond.co.za) met die instruksies vir installering. Dit kan ook aangevra word deur 'n e-pos met so 'n versoek te stuur na [kommentaar@abond.co.za](mailto:kommentaar@abond.co.za) ❖

---

## Brokkies en byeenkomste

Registrasie vir die geleentheid kan gedoen word. Die program kan ook hier afgelaai word. ❖  
by ROF se webwerf by <http://www.rof.org.za/>

# Onderwyskonferensie: Innovasie in die *Onderwys*

Die Rapport Onderwysfonds nooi graag skoolhoofde en belangstellendes uit na 'n oop gesprek oor oplossings vir onderwyssituasies.

Die tema is Innovasie in onderwys en dit word onder twee hooftemas aangebied:

- Innovasie en beste praktyke in die onderwys – nasionaal en internasionaal, met enkele suksesverhale van skole in ons land. Dr. Jukka Alava van Finland is 'n wêreldbekende in onderwyshervorming en hy sal die eerste gedeelte inlei.
- Fokus op Afrikaans, met 'n situasie-ontleding, 'n kort gesprek oor hoe dit op universiteite gaan, waarna daar gekyk word wat skole doen en kan om Afrikaans in stand te hou.

Die konferensie is daarop gerig om nie net probleme te identifiseer nie, maar om uit ervaring van kundiges en praktiserende skoolhoofde te hoor wat gedoen kan word. **Kom gesels saam!**



**DATUM:** DONDERDAG, 10 NOVEMBER  
**PLEK:** SAOU-KONFERENSIESENTRUM, GARSFONTEIN  
**TYD:** 08:30 – 16:00  
**Registrasie:** R100.00 (Word gebruik om een student te borg)

**KLIC HIER OM TE REGISTRER**

Program is op die webblad beskikbaar  
Vir meer inligting kontak **Hennie de Wet** by  
**083 306 1830** of [hennie@rof.org.za](mailto:hennie@rof.org.za)

*Waldimar Pels*

Voorsitter: Rapport Onderwysfonds



---

**Kontakbesonderhede vir die Afrikanerbond**  
[hoofkantoor@abond.co.za](mailto:hoofkantoor@abond.co.za)  
[www.afrikanerbond.co.za](http://www.afrikanerbond.co.za)

*Privaatsak X45, Aucklandpark, 2006*  
*Tel: (011) 782-8569 of (011) 782-8627*  
*Faks: (011) 782-1190*